

# Jou hart bepaal jou lewensloop

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. Spreuke 4:23


Baie van die dinge wat in ons lewens en verhoudings gebeur, het hulle oorsprong in ons harte en gedagtes. Wie ons aan die binnekant is, bepaal tot 'n groot mate hoe ons lewens aan die buitekant is.

## Jy kan 'n boom aan sy vrugte ken

Die Bybel het baie te sê oor hoe ons binnekant ons buitekant beïnvloed en een van die beelde wat gebruik word om ons te wys hoe dit werk, is die boom en sy vrugte:

*Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry die mens dan druiwe aan doringstruik of vye aan dissels? Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n goeie boom nie goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken. Matteus 7:16-20*

*As julle sê 'n boom is goed, moet julle ook sê sy vrugte is goed; en as julle sê hy is sleg, moet julle ook sê sy vrugte is sleg. 'n Boom word tog aan sy vrugte geken. Matteus 12:33*




'n Goeie boom, iemand wat gesond is, het byvoorbeeld gesonde verhoudings. En iemand wat regtig innerlik wanfunksioneer, is geneig om wanfunksionerende verhoudings te hê. Wie jy aan die binnekant is, het alles te doen met hoe jou lewe aan die buitekant lyk.

Dit is een van die belangrikste geheime wat God ons leer. Een van die beste dinge wat jy vir jouself kan doen, is **om te werk aan wie jy as persoon is**. Totdat jy dit doen, sal jy maniere vind om die beste poste, die beste verhoudings, die beste geleenthede en omtrent alles anders wat oor jou pad kom, te saboteur.

Die oorheersende waarheid is dat ons lewenskoers meer te doen het met wie ons as mens is as met die kansen wat ons kry. Ek sien mense wat jaar na jaar die een na die ander mislukte verhouding het, altyd op soek na "die regte een"; maar dit kom nooit by hulle op dat hulle **die regte een moet word sodat hulle die regte een kan aantrek nie**. Dit kom ook nooit by hulle op dat hoewel God en die lewe ons van geleenthede voorsien, ons baie geleenthede en "kansen" self skep nie.

## Die wet van saai en oes

Die Bybel gebruik ook die wet van saai en oes as beeld om te verduidelik hoe ons hart ons lewenskoers bepaal. Dis hoe dit werk wanneer jy iets in jouself saai – soos 'n nuwe vaardigheid om in jou werk te gebruik, of 'n




nuwe verhoudingsvaardigheid: jy sal beter resultate in jou werk behaal en beter verhoudings hê.

Wie knoop verhoudings met goeie mense aan? Diegene wat hul verhoudingskwessies uitgesorteer het. Wie is gesond en wie is oor die algemeen siek? As ek kan veralgemeen, mense wat 'n gesonde lewensstyl saai, oes gesondheid en diegene wat 'n ongesonde lewensstyl handhaaf, oes siekte. Verstaanbare omstandighede buite rekening gelaat, bepaal wie jy as mens is, jou lewensloop. Hou op om teen jou beterwete te hoop iets gebeur vanself en begin vandag nog aan jouself werk om die persoon te word wat resultate in jou lewe sal bring! Die wet van saai en oes is een van die kragtigste wette in die heelal. Soos Salomo gesê het:

*Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug. Prediker 11:1*

## God en die lewe ontmoet jou waar jy is

Daar is nog 'n aspek aan die wet van saai en oes: namate ons groei en vorder en beter toegerus raak, kom daar nuwe geleenthede en situasies wat pas by die nuwe vlak waartoe ons gegroei en ontwikkel het, oor ons lewenspad. Wanneer jy 'n nuwe vaardigheid aangeleer het of iets nuuts aangepak het, sal God deure open en geleenthede sal hulle voordoën. Die Bybel leer ons God gee geleenthede as ons gereed is daarvoor. Die sleutel is dat jy gereed moet wees, dat jy aan jouself moet werk sodat God jou na die volgende tree op jou pad kan lei. As jy gereed is, sal jy weet in watter rigting die volgende tree moet wees. Sodra jy gesond is, sal gesonde verhoudings te voorskyn kom. God rig ons treë. Ons trek die dinge waarvoor ons gereed is, na ons lewens toe aan. Dit is 'n feit.



Die Bybel bevestig oor en oor dat God en die lewe jou sal ontmoet waar jy is (kyk na Spreuke 10:4; 13:3,4,21; 14:15,23; 22:3). Hy kan jou selfs dissipleneer (kyk na Hebreërs 12:7) omdat Hy jou liefhet. Soms is die uitdagings presies wat jy vir die volgende tree nodig het. Jakobus sê ons moet eintlik "baie bly wees" (Jakobus 1:2) as ons beproewing ervaar, omdat dit ons soms op een of ander wyse help groei. Soms lei uitdagings of probleme tot positiewe verandering in ons wat ons vir toekomstige geleenthede gereed maak. Met uitdagings of probleme bedoel ek nie mishandeling, of misbruik of die tragedie wat mense tref nie. Dit is nie dissipline nie, maar ontbering wat jy nie veroorsaak of nodig gehad het nie. Maar soms laat God toe dat ons moeilike tye ervaar; dit kan ons beskou as opleiding om ons karakter te help groei. As jy na die volgende vlak wil vorder, leer die lesse in die huidige situasie sodat jy nie die eksamen hoef te herhaal nie!

## Jou hart bepaal wie jy is

Navorsing het getoon dit is moontlik om die latere akademiese sukses van 5-jariges te voorspel. Hulle het bevind dat hoe slim die kinders is, **nie hul sukses so akkuraat voorspel het as hul vermoë om beloning uit te stel nie!**

Ander navorsing het bewys optimisme is 'n sterker aanduiding van 'n suksesvolle loopbaan as aanlegtoetse. As jou hart en denke pessimisties is, sal jou lewenskoers heelwat anders wees as dié van iemand met 'n positiewe uitkyk (Spreuke 4:23). Dit beklemtoon weereens hoe belangrik ons denke vir ons hele lewe is.



Die Bybel en die lewe wys ons die tipe persoon wat jy is, bepaal die tipe lewe wat jy “aantrek”. Wat jy aan die binnekant is – ons karakter, ons hart, ons verstand en ons siel – bepaal baie dinge wat in ons lewens gebeur.

*Wie sy mond in bedwang hou, behou sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie, gaan sy ondergang tegemoet. Spreuke 13:3*

*Die luiaard se honger word nie gestil nie; hardwerkende mense het meer as genoeg om te eet. Spreuke 13:4*

*Teenspoed volg die sondaars op hulle pad; die regverdige word met voorspoed vergoed. Spreuke 13:21*

Soos jy groei sal God en die lewe jou beloon vir jou groei deur nuwe geleenthede te verskaf en deure te open. Hier is ‘n klompie”binne-in die boom” dinge waaraan jy dalk kan werk om jou hart op ‘n lewe met ‘n doel voor te berei:

- Ontwikkel selfvertroue
- Oorkom vrees
- Verkry vaardighede
- Vermeerder wysheid en kennis
- Oefen aan volharding en deursettingsvermoë
- Verander houdings oor mislukkings
- Raak ontslae van bitterheid
- Hou op blaam uitdeel
- Staak slagoffer-denke
- Groei in die vermoë om te konfronteer
- Oorkom beheerkwessies
- Laat vaar woede en leer dit beheer
- Leer om nee te sê
- Groei in verhoudingsvaardighede
- Raak verlos van jou pyn en trauma
- Oorkom depressie
- Oorwin verslawing of kompulsiewe gedrag
- Oorkom impulsiwiteit
- Laat vaar wensdenkery



Namate jy aan die “boom se binnekant” of karaktergroei werk, sal jy agterkom dat die uiterlike beeld as gevolg daarvan begin verander. Jou lewensrigting sal koers kry namate jou binnekant begin ooreenstem met God se doel vir jou!